**3 April**

**Skrifgedeelte: Numeri 11:11-17**
**Fokusgedeelte: Romeine 8:15-17**

**Trustee van Christus se skatte**

Die swaershuwelik was by verskillende volke in gebruik, ook al voor Moses die bepalinge hier neerpen – lees maar die hartseer geskiedenis van Juda en Tamar (Gen. 38).

In kort het die reëling gegeld: indien ’n man kinderloos sterf, sou sy broer met die weduwee trou om vir die afgestorwe broer ’n nageslag te verwek. Let wel, die broer word eintlik net moreel verplig; hy kan weier.

Uit ons perspektief is hierdie reëling moeilik om te begryp, maar in daardie tyd was dit belangrik om die stamboom van ’n gesin te laat voortgaan. Dit het nie net gegaan oor die “familienaam” wat voortleef nie, maar veral oor wie verantwoordelikheid neem om die familiebates (grond, vee ens.) te bestuur. Die familiehoof moes met die familiebates vir die hele familie ’n lewe voorsien. Indien daar nie ’n erfgenaam in die familie is nie, verloor die hele familie sy bestaansmiddele. Die familiehoof was trustee van die familietrust waaruit die hele familie versorg is. In die lig van Levitikus 18:16 het die swaershuwelik later in onbruik onder die Jode geraak.

’n Mens kan ’n les oor verantwoordelikheid uit die swaershuwelik leer: Stel betyds ’n testament op wat sake vir jou familie makliker maak, nie moeiliker nie. Dié Skrifgedeelte wil ons egter eintlik iets anders as ’n sedelessie leer. Ons Broer (Matt. 12:48), Jesus Christus, het met sy Nuwe Testament radikaal vir ons lewe verantwoordelikheid geneem. Hy sterf en laat sy boedel aan ons na om te bestuur; gee ons sy Gees as deposito, as waarborg vir die volle erfporsie (Ef. 1:14; Rom. 8:17). So stel sy Nuwe Testament my aan as trustee van sy skatte tot voordeel van ander.

Dit is nou my grootste verantwoordelikheid: Om sy skatte so uit te deel dat ook ander sal naderkom om hulle aandeel van sy skatte op te neem, en daarvoor verantwoordelikheid te neem om dit uit te deel sodat nog ander ...

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*

*Ds. JP (Johan) Fleischmann (Kaapstad)*